# SKRYFWERK: GRAAD 10 – 12 (VRAESTEL 3) 100 PUNTE

| AFDELING A | AFDELING B | AFDELING C |
| --- | --- | --- |
| Lang, kreatiewe opstel | Lang transaksionele teks | Kort transaksionele teks |
| 50 punte | 30 punte | 20 punte |
| Gr. 10: 150 - 200 woorde<br>Gr. 11: 200 - 250 woorde<br>Gr. 12: 250 - 350 woorde | 120 - 150 woorde | 80 - 100 woorde |

# Wat moet ek leer?

## AFDELING A

- Tipes opstelle
  - **Verhalend**
  - **Beskrywend**
  - **Bespiegelend / Reflektief**
  - Beredenerend
  - Argumentatief
  - **Interpreterend / Opstel gebaseer op Visuele Teks**
- Goeie wenke vir opstelskryf
- Taalreëls (veral woordorde, tye, negatief, punktuasie)
- Verwarrende woorde (bv. klere vs kleure, help vs hulp, wil vs sal)
- Idiome (bv. Die poppe gaan dans!)
- Intensiewe vorme (bv. bloedrooi)
- Vergelykings (bv. so vinnig soos blits)

## AFDELING B

- **Dialoog**
- **Vriendskaplike brief**
- Formele brief
- Brief aan die pers
- Aansoekbrief en CV
- **Brosjure** of **Pamflet**
- **Onderhoud**
- Resensie van film / boek / restaurant / musiekkonsert
- **Huldeblyk**
- Formele toespraak
- **Informele toespraak**
- Formele verslag
- **Informele verslag**
- Koerantberig
- Tydskrifartikel / Hoofartikel
- **Rubriek**
- Agenda en Notule

## AFDELING C

- **Dagboekinskrywing**
- **Instruksies /** Aanwysings
- **Wenke**
- **Poskaart**
- **Advertensie**
- Uitnodiging en antwoord
- **Verduideliking van proses**
- **e-posboodskap**
- **Plakkaat**
- Invul van 'n vorm

## VOOR JY BEGIN:

- ✓ Kies 'n onderwerp *(topic)* wat jy verstaan.
- ✓ Het jy al self die situasie ervaar *(experienced)* of weet jy waarvan jy skryf?
- ✓ Kan jy realisties *(realistic)* en oortuigend *(convincingly)* daaroor skryf?
- ✓ Het jy die woordeskat om daaroor te skryf?
- ✓ Is jy geïnteresseerd in die onderwerp?

## WENKE VIR DIE SKRYF VAN 'N GOEIE OPSTEL:

- ✓ Moenie die titel of onderwerp*(topic)* verander *(change)* nie!
- ✓ Hou by die korrekte lengte – moenie te lank of te kort skryf nie.
- ✓ Jou opstel moet 'n duidelike begin, middel en einde hê.
- ✓ Maak seker van jou tydsvorm – moenie jou tye meng *(mix)* nie.
- ✓ Skryf verkieslik *(preferably)* in die teenwoordige tyd *(present tense)*.
- ✓ Moenie oor seks, God of dronkenskap skryf nie.
- ✓ Moenie vloek *(swear)* of growwe taal *(crude language)* gebruik nie.
- ✓ Moenie humor by 'n ernstige *(serious)* situasie gebruik nie.
- ✓ Jou register en toon moet by die tipe opstel en die onderwerp pas.

## DIE BEGIN:

- ✓ Begin onmiddellik met die onderwerp – moenie 'n lang inleiding *(introduction)* skryf nie.
- ✓ Jou eerste sin moet dadelik *(immediately)* die leser se aandag (attention) trek.

Begin met een van die volgende:

- ➢ 'n uitroep (exclamation): Sjoe! / Ag nee! / Genade! / Liewe hemel! / O gits! / Vervlaks!
- ➢ direkte woorde, bv. *"Hou jou mond," fluister die man.*
- ➢ een woord, bv. *Eksamen. Die woord is genoeg om enige tiener paniekerig te maak.*
- ➢ 'n kort, dramatiese sin, bv. Tien sekondes is lank genoeg om jou lewe te verwoes.
- ➢ 'n lys woorde, bv. Somer, son, see: dis vakansietyd in Arniston.
- ➢ 'n idioom, bv. Die wiel draai. / Boontjie kry sy loontjie.

## DIE MIDDEL:

- ✓ Skryf in effektiewe paragrawe – elke nuwe aspek / fase / idee in 'n nuwe paragraaf.
- ✓ Eensinparagrawe kan baie effektief wees.
- ✓ Begin jou sinne op verskillende maniere.
- ✓ Varieer die lengtes van jou sinne – skryf lang én kort sinne.
- ✓ Gebruik 'n paar idiome, vergelykings en intensiewe vorme, maar maak seker dit pas in by die konteks!

- ✓ HOE jy iets sê, maak 'n groot verskil *(difference)* – WYS *(show)*, moenie net vertel nie.
- ✓ Gebruik spesifieke, beskrywende *(descriptive)* adjektiewe.

Vergelyk die volgende sinne:

*Die dronk man **loop** (walks) in die straat af en **praat** (talks) met homself.*
*Die dronk man **slinger** (stumbles) in die straat af en **mompel** (mumbles) vir homself.*

*Die meisie **kyk** (looks) na my.*
*Die meisie **met die olierige toutjieshare** (with the stringy, oily hair) **gluur** (glares) na my.*

| **WERKWOORDE** | **BETER ALTERNATIEWE:** |
|---|---|
| loop | slinger / strompel *(stumble)*; sluip *(sneak)*; huppel *(skip)*; draf *(jog)*; skuifel *(shuffle)* |
| sê / praat | mompel *(mumble)*; grom *(growl)*; brom *(grunt)*; fluister *(whisper)*; dreig *(threaten)*; snork *(snort)* |
| kyk | gluur *(glare)*; bewonder *(admire)*; staar *(stare)*; bestudeer *(study)* |
| dink | wonder; peins *(weigh options)*; vermoed *(suspect)* |
| skree | gil *(yell / scream)*; jil *(scream with pleasure)*; bulder *(loud, angry yell)* |
| lag / glimlag | giggel *(giggle)*; grynslag *(grin evilly)*; grinnik *(grin)* |

- ✓ Gebruik goeie tydwoorde (bv. skielik / meteens *(suddenly)*, in 'n kits / in 'n japtrap *(within moments)*, gou-gou *(quickly)*

✓ Gebruik effektiewe punktuasie.

- **vetdruk**, *skuisdruk* of <u>onderstreep</u> om iets te beklemtoon *(emphasise)* of sterk emosie te wys
- ??? of !!! of ?!?
- … om spanning *(suspense)* te bou
- ; tussen sinne in plaas van ‘n voegwoord
- beklemtoon sekere woorde met klemstrepies, bv. Kom nóú hier!
- : voor direkte woorde, bv. Anna gil: “Help my! Iemand, asseblief!”

DIE EINDE OF SLOT:

✓ Skryf ’n sterk slot *(ending)*.
✓ ’n Sikliese slot (jy eindig soos jy begin of herhaal *(repeat)* aspekte van die begin aan die einde) is baie effektief.
✓ Moet nooit met ’n *”cop-out”* (bv. Toe word ek wakker. Dit was alles net ’n droom.) eindig nie.

## DIE SKRYFPROSES:

1. Maak ’n kopkaart *(mindmap)* van jou idees.
2. Skryf ’n rowwe kopie (jy verloor punte as jy nie ’n rowwe kopie skryf nie!).

3. Lees dit deur en REDIGEER *(edit)* dit.

- woordorde (werkwoord in die tweede posisie EN tyd → wyse → plek)
- woordorde na voegwoorde
- adjektiewe voor naamwoorde kry –e
- verwarrende woorde is korrek (bv. help en hulp, klere en kleure, som, soms en sommige)
- dieselfde tydsvorm deurgaans *(through-out)*
- dubbele negatief
- direkte en indirekte rede
- kommas voor want en maar
- komma voor en na die naam van 'n aangesprokene *(person spoken to)*
- sinne begin met hoofletters en eindig met punte, vraagtekens of uitroeptekens

4. Maak seker jy het al die wenke vir goeie opstelskryf gevolg.
5. Lees weer en VERBETER jou opstel.

- Verander sommige adjektiewe na intensiewe vorme.
- Sluit *(include)* 'n vergelyking of twee in.
- Sluit 'n idioom of twee in.
- Verander werkwoorde na meer beskrywende werkwoorde (bv. sluip in plaas van loop).
- Maak adjektiewe meer spesifiek (bv. 'n bloedstollende gil in plaas van 'n harde gil).


6. Maak seker jou opstel is nie te kort of te lank nie.
7. Skryf nou jou finale kopie.
8. Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het onderaan.

# TIPES OPSTELLE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | VERHALENDE OPSTEL *(narrative essay)*<br><br>= VERTEL 'n storie | Soos bv.:<br>▪ 'n Vakansiedag wat ek nooit sal vergeet nie<br>▪ Stemme agter 'n toe deur<br>▪ 'n Blou Maandag<br>▪ Nagmerrie in Langstraat<br>▪ As ek net weer kon kies ...<br>▪ Reën, rose en 'n rooikop<br>▪ Hoekom gebeur dit altyd met my?!<br>▪ Hulp van 'n vreemdeling | ✓ Skryf 'n storie met 'n begin, middel en verrassende *(surprising)* einde.<br>✓ Begin ONMIDDELLIK *(immediately)* met die onderwerp *(topic)* - geen inleiding *(introduction)* langer as twee sinne nie.<br>✓ Iets moet gebeur - 'n krisis / 'n verandering *(change)* wat oploop tot 'n klimaks.<br>✓ Die STORIELYN moet ontwikkel *(develop)*.<br>✓ Daar moet ('n) KARAKTER(S) wees wat praat of dink of doen.<br>✓ Moenie net vertel nie - WYS *(show)* met dialoog, aksies en effektiewe taal.<br>✓ Fokus op EEN fase / kort tyd / moment.<br>✓ Die tyd kan chronologies of a-chronologies (jy spring in tyd) wees.<br>✓ Skryf verkieslik *(preferably)* in die TEENWOORDIGE TYD. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2. | BESKRYWENDE OPSTEL *(descriptive essay)*<br><br>= BESKRYF 'n gebeurtenis (event) / moment / aspek / persoon | Soos bv.:<br>▪ Winter<br>▪ 'n Spesiale persoon<br>▪ Ek blaai deur my foto-album<br>▪ Eksamentyd<br>▪ Blou<br>▪ My spesiale plek<br>▪ Partytjie-tyd! | ✓ Teken 'n PRENT MET WOORDE.<br>✓ Die leser moet SIEN, HOOR, RUIK, PROE en VOEL wat jy beskryf.<br>✓ Beskryf interessante DETAIL.<br>✓ Gebruik beskrywende werkwoorde, bv. slof in plaas van loop<br>✓ Gebruik baie adjektiewe, intensiewe vorme en vergelykings.<br>✓ Gebruik bywoorde *(adverbs)*, bv. Haastig glip sy die klaskamer binne.<br>✓ Skryf in die TEENWOORDIGE TYD. |
| 3. | BESPIEGELENDE / REFLEKTIEWE OPSTEL *(reflective essay)*<br><br>= BESPIEGEL / DINK / WONDER oor iets | Soos bv.:<br>▪ Hoogtepunte van my hoërskool-loopbaan<br>▪ Die lewe na Matriek<br>▪ Moet ek my eie blyplek kry, of moet ek by my ouers bly? | ✓ Dink, filosofeer, wonder oor 'n saak *(issue)*<br>✓ Dit is SUBJEKTIEF, want jy gee jou persoonlike perspektief en beskryf jou emosies oor die onderwerp *(topic)*.<br>✓ Gebruik goeie BESKRYWINGS.<br>✓ Moenie dieselfde idee oor en oor herhaal nie.<br>✓ Kom tot 'n SLOTSOM / GEVOLGTREKKING *(conclusion)* in die laaste paragraaf. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4. | BEREDENERENDE OPSTEL *(discursive essay)*<br><br>= REDENEER oor TWEE kante van 'n saak *(issue)* | ▪ 'n Brugjaar na Matriek of nie?<br>▪ Is jou skooljare die beste jare van jou lewe?<br>▪ Is meisies se lewe moeiliker as seuns s'n? | ✓ Beredeneer ALTWEE kante van 'n saak – voordele en nadele / positiewe en negatiewe dinge<br>✓ Dit is OBJEKTIEF en ONPERSOONLIK, want dit is gebaseer op feite, nie emosies nie.<br>✓ Jy moet baie van die onderwerp weet en INSIG toon.<br>✓ Elke paragraaf begin met 'n stelling *(statement)* gevolg deur een of meer bewyse *(proof)* / voorbeelde *(examples)* / 'n verduideliking *(explanation)* van die stelling.<br>✓ Net aan die einde mag jy jou opinie gee. |
| 5. | ARGUMENTERENDE / BETOGENDE OPSTEL *(argumentative essay)*<br><br>= ARGUMENTEER vir of teen 'n saak | ▪ Die meeste Suid-Afrikaners weet nie wat demokrasie beteken nie<br>▪ Armoede, dwelms en misdaad is besig om SA te vernietig | ✓ Jy het 'n spesifieke opinie en argumenteer VIR OF TEEN *(for or against)* 'n saak – jy STEM SAAM *(agree)* of VERSKIL *(disagree)* van 'n stelling *(statement)*.<br>✓ Jy moet baie van die onderwerp weet, want jy moet jou opinie met feite kan motiveer.<br>✓ Jy moet die leser van jou standpunt *(point of view)* oortuig *(convince)*.<br>✓ Gee ten minste DRIE GOEIE REDES met motivering.<br>✓ Die register is formeel. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. | INTERPRETERENDE OPSTEL GEBASEER OP VISUELE TEKS (essay based on a picture) |  | ✓ Jy kan enige soort opstel skryf.<br>✓ Kies jou eie titel.<br>✓ Jy kan oor enige aspek van die prent skryf, maar daardie aspek moet sentraal in jou opstel wees. |

# Notas:

# AFDELING B en C:

# Transaksionele skryfstukke

## DINK voor jy INK !



<u>**HOEKOM**</u> skryf jy? (doel [*aim*])

Wil jy die leser oortuig (convince) van jou standpunt?
Wil jy iets verkoop?
Wil jy jou gevoelens deel?
Wil jy oor iets kla?

<u>**VIR WIE**</u> skryf jy? (teikengroep [*target group*])

Tieners? Ouers? Sportliefhebbers? Grootmense?
Kinders? Diereliefhebbers? Jan Alleman?

<u>**WAT**</u> wil jy kommunikeer?

Inligting? Idees? Emosies? Jou opinie?
'n Boodskap? 'n Klagte?

Skryf jy <u>**FORMEEL**</u> of <u>**INFORMEEL**</u>? (register)

# **DIALOOG** (*dialogue*)
# = 'n gesprek (*conversation*) tussen TWEE mense

Inleidende sin (opsioneel)

Name VOLUIT geskryf en NIE in die kantlyn (*margin*) NIE.

Dubbelpunt (:)

GEEN aanhalingstekens ("...") nie

Direkte woorde geblok

Laaste sin (opsioneel)

Thandi is bekommerd oor haar toekoms en probeer met haar ma daaroor gesels.

Thandi: Ai, Mamma. Wat gaan volgende jaar met my gebeur?

Haar ma: (baie bekommerd) Wat bedoel jy, my kind? Jy het mos aansoek gedoen by die Universiteit van Kaapstad.

(Thandi sug en begin saggies huil.)

Thandi: Ja, Mamma, maar wat gaan ek doen as ek nie aanvaar word nie? My toekoms lyk donker.

Thandi staan op en loop by die kombuis uit. Haar ma bly ontsteld sit en wonder hoe om haar dogter te help.

**Gebruik UITROEPE om emosie te wys:**
**Ai! / O! / Sjoe! / Vervlaks! / Hoera! / Ag nee! / O gits! / Liewe hemel! / Goeie genade! / Sies! / Siestog! / Reg so! (in plaas van *Ok*)**

Reël oop na elke persoon se woorde

EMOSIES tussen hakies, nie volsin nie, nie hoofletter nie

AKSIES in een volsin, aparte (*separate*) paragraaf en tussen hakies

# INFORMELE / VRIENDSKAPLIKE BRIEF *(informal / friendly letter)*
# = 'n brief aan 'n familielid of vriend(in)

**Skoolstraat 10**
**Claremont**
**Kaapstad**
**7001**
**5 November 2012**

adres perfek

geen oop lyn

datum voluit (maand in 'n woord geskryf)

reël oop

Aanhef:
Liewe OF
Beste

**Liewe Ma**

**Raai wat? Ek is volgende jaar 'n prefek en in die eerste rugbyspan! Kan Ma dit glo? Ek is so opgewonde ek kan nie stilsit nie!**

Begin dadelik met die onderwerp (topic). Moenie woorde mors op "*Hoe gaan dit?*" en "*Ek het besluit om vir julle 'n brief te skryf*" nie.

**Die prefekte is gister gedurende saalbyeenkoms aan die skool bekend gemaak. Ek was so verras! Ek het dit definitief nie verwag nie. Ek is so bly my harde werk het vrugte afgewerp.**

**Die rugbyafrigter het my gister na sy kantoor geroep om die goeie nuus met my te deel. Sjoe! Dit was die beste dag van my lewe! Ek wens Ma was hier om dit saam met my te ervaar.**

**Ek sien Ma een van die dae.**

<u>M</u>a / <u>P</u>a – nie jy/jou nie

finale groet
eindig met punt

**Liefde. / Groete. / Liefdegroete.**

finale volsin in EEN reël

reël oop

twee reëls
geen oop reël
geen punktuasie

**Ma se enigste seun**
**Imraan**

Let wel:
Liewe Ma en Pa – Julle seun
Liewe Ben – Jou vriend(in)

# FORMELE BRIEF / SAKEBRIEF (*formal / business letter*)
# = 'n brief om te kla / te komplimenteer / te bedank / uit te nooi / ...

adres van die persoon AAN WIE jy skryf – sluit sy titel en naam van die besigheid in

formele aanhef

onderwerp (topic) in hoofletters of onderstreep

eerste paragraaf SOM die situasie OP: wie? wat? waar? wanneer? hoe? hoekom?

**Skoolstraat 10**
**Claremont**
**Kaapstad**
**7001**
**5 November 2012**

**Die Bestuurder**
**Clicks**
**Cavendish Winkelsentrum**
**Hoofweg 230**
**Nuweland**
**Kaapstad**
**7700**

**Geagte Meneer**

**SWAK DIENS**

**Vrydagmiddag 6 Maart 2012 het ek u winkel besoek om selfoonlugtyd te koop. Die assistent het met sy vriend staan en klets en my totaal geïgnoreer. Toe ek uiteindelik sy aandag kon trek, was hy onvriendelik en onwillig om my te help. Hy het my laat voel asof ek hom pla.**

**U winkel het nog altyd 'n goeie reputasie gehad, maar sulke swak diens sal veroorsaak dat ek nie meer inkopies by Clicks wil doen nie.**

**Ek hoop nie dit gebeur weer nie.**

**Die uwe**
**(Mev.) M Roux**

jou adres - PERFEK

geen reël oop

datum voluit met maand in woorde

reël oop

Onthou:
Register FORMEEL (u ipv jy/jou)
Toon BELEEFD (al kla jy oor iets)
KORT, maar DUIDELIK

res van brief gee meer details

finale sin

reël oop

formele einde
geen oop reël
geen punktuasie

# ONDERHOUD (*interview*)

## = vrae deur 'n joernalis en direkte antwoorde deur 'n persoon of groep

'n KORT opskrif wat die inhoud (*content*) opsom (*summarise*)

KORT eerste paragraaf wat persoon bekendstel (*introduce*) en ook noem wie die joernalis is

register, toon en styl is formeel OF informeel

# Die REUS onder kitaarspelers

Steve Newman speel al 44 jaar kitaar. Carina Loubser het 'n onderhoud met hierdie reus in die Suid-Afrikaanse musiekbedryf gevoer.

**As geld nie 'n kwessie was nie, watter kitaar sou jy koop?**

O, sjoe! Wel, ek sou definitief nog 'n paar Mervyn Davis-kitare koop.

**Nog 'n paar? Vertel vir ons watter kitare jy het.**

Ek speel al sedert 1979 op Mervyn se kitare. Ek het twee staalsnare, twee flamenco's, twee prototipes en een klassieke kitaar. My baskitaar, Oupa, is in Kaapstad gesteel. Ai, dit was 'n groot persoonlike verlies.

**Het jy al slide-kitaar gespeel?**

Haha! Enige kitaarspeler wat sy sout werd is, het al geëksperimenteer. Ek het al met bierglase, medisynebottels, koperpype, sigaretaansteker en messe probeer.

**Watter raad het jy vir toekomstige kitaarspelers?**

Oefen! Oefen! Probeer harder! Oefen weer! En wie nie waag nie, wen nie. Moenie moed opgee nie.

vraag in **vetdruk** (*bold*) of onderstreep (*underlined*)

reël oop

skryf antwoord asof persoon dit regtig sê – dus DIREKTE WOORDE, maar GEEN AANHALINGSTEKENS NIE

Moenie vrae met Q en A aandui (*label*) nie!

# RESENSIE (*review*)
# = kritiese opinie oor boek / film / konsert / restaurant / CD

opskrif SOM resensent (*reviewer*) se opinie op (noem naam van film)

reël oop

par. 1: opsomming (*summary*) van die plot sonder om die einde te noem

par. 2: noem 'n paar goeie aspekte

## *Men in Black 3* is vol verrassings

☆☆☆☆

**Wetenskapfiksie-komedie**
**Met Will Smith, Tommy Lee Jones, Josh Brolin, Emma Thompson en ander.**
**Regie:** **Barry Sonnenfeld**
**Tydsduur:** **103 minute**
**Ouderdomsperk: 10TGV**

Boris die ondier is nóg mens nóg dier. Hy laat die ander buiteruimtelike wesens van die vorige Men in Black-prente na Paris Hilton se skoothondjie lyk. En natuurlik moet die twee skreeusnaakse agtente, **Agent J** (Will Smith) en **Agent K** (Tommy Lee Jones), die aarde red.

Die humor is steeds skerp en droog, die goetertjies en gewere groter en beter as voorheen, die monsters aakliger en snaakser.

Die tweede prent was sleg, maar dié derde fliek is 'n prent van verrassings.

Will Smith is 'n plesier om te sien en maak hierdie film definitief die moeite werd.

details van film en sterre
- T = taal
- G = geweld *(violence)*
- S = seks
- N = naaktheid *(nudity)*
- V = vooroordeel *(prejudice)*

dink aan:
- toneelspel (*acting*)
- spesiale effekte (*special effects*)
- intrige (*plot*)
- klankbaan (*sound track*)

par. 3: noem 'n paar slegte aspekte

par. 4: oorhoofse (*overall*) opinie van resensent in kort, finale, opsommende paragraaf

## Oos, Wes, *Oppikoffie* bes!

☆☆☆☆☆

**Restaurant: Oppikoffie**
**Plek: Hillside, Johannesburg**
**Kontaknommer: 011 5643919**

Hierdie koffiehuis is geen vreemdeling nie – hy het mos naam gemaak op Sewende Laan. Maar ek en my metgesel wou gaan uitvind of dinge werklik so opwindend hier is.

Stampvol met 'n vrolike gedruis van stemme wat opgewonde gesels, het hierdie gesellige restaurant skoon ons voete onder ons uitgeslaan. Van sakemanne tot studente maak hulself by smaakvol versierde tafels tuis.

Die diens is flink en vriendelik, die opwindende spyskaart word daagliks verander en die stomende koffie is geurig.

Ongelukkig het ons geen Sewende Laan bekendes gesien nie! Ai, wat 'n teleurstelling!

Oppiekoffie met sy sakpaspryse (ons het ongeveer R40 vir 'n plaasontbyt betaal) is definitief 'n besoek werd.

## Lekker-lees tienertreffer

☆☆☆☆

**Titel: As jy 'n ster sien verskiet**
**Skrywer: Maya Fowler**
**Uitgewer: Tafelberg**

Riekie Taylor is uit die skool geskors nadat sy haar hare swart ge-*dye* het en gevang is dat sy dagga rook. Maar dis nie al probleem waarmee sy sukkel nie: na haar broer se dood drink haar ma te veel en haar pa se enigste kontak is die tjek wat hy elke maand stuur. Riekie besluit om die hasepad te kies. Eers nadat sy uitvind dat haar broer se meisie 'n baba by haar ma gelos het, maak sy die moeilike besluit om terug te keer en haar probleme in die oë te kyk.

Hierdie blitsverkoper sal die leser laat saamhuil en –lag. Dit is 'n boek sonder fieterjasies: 'n openhartige storie van 'n meisie uit 'n gebroke huis wat moet leer om self haar probleme op te los.

Alhoewel dit geskryf is in tienertaal wat sommige lesers mag pla, maak dit die verhaal tog meer *real*.

'n Lekkerleesboek vir 'n reënerige dag!

## Arno skitter in die skemer

☆☆☆

**Musikant: Arno Carstens**
**Datum: Sondag 24 Februarie**
**Plek: Kirstenbosch, Kaapstad**

Arno Carstens het verlede Sondag saam met die musiekgroep *New Porn* sy aanhangers by een van Kirstenbosch se gewilde Sonsondergang-konserte bekoor.

Arno, bekend as "Die vader van SA *rock*", is ook die topverkopende Suid-Afrikaanse *rock*-kunstenaar. Gedurende 'n briljante vertoning het hy sy beroemde treffer, *Somebody to hold*, sowel as liedjies van sy nuwe CD, gesing. Hy het die gehoor ook vermaak met grappies en skreeusnaakse stories.

Ongelukkig het 'n sterk en koue wind gewaai wat die aand onplesierig vir baie lede van die gehoor gemaak het.

In die skemerdonker teen die hange van Tafelberg het Arno die konsertgangers op hul voete gehad toe hy die konsert afgesluit het met 'n romantiese weergawe van *Hole Heart* - hy sal my verseker gou weer sien.

# HULDEBLYK (*obituary*)
# = vereer (*honour*) iemand wat doodgegaan het

opskrif: HULDEBLYK + naam en van + geboorte- en sterfdatums

par. 1: hoe persoon dood is

par. 2 +: waarvoor persoon onthou sal word, persoonlikheid, persoonlike staaltjies (*anecdotes*), gemeenskapsdiens (*community involvement*)

laaste paragraaf: groetwoorde direk aan persoon

**HULDEBLYK**
**Maria Susanna Afrika**
**1940 – 2012**

Maria Afrika, of Oumie, soos almal haar ken, is Vrydag 19 Mei na 'n lang stryd teen kanker oorlede.

Oumie was 'n geliefde persoon onder oud en jonk. Vir haar kleinkinders was sy 'n wyse ouma met 'n lus vir die lewe, altyd gereed om trane af te vee of met smaaklike tuisgebakte koekies te troos. "Die lewe is soos 'n toffie – taai, maar lekker," het sy altyd gesê.

Oumie het die gees van Ubuntu uitgeleef. Sy het baie omgegee vir haar medemens en sou altyd vir iemand 'n klip uit die pad rol as sy kon.

Sy was 'n ware steunpilaar in haar gemeenskap. Sy het gehelp om ongeletterde huishulpe te leer lees en skryf. By die ouetehuis het sy gereeld die siekes besoek.

Onselfsugtig, hardwerkend, liefdevol en met 'n hart van goud – só sal ons haar onthou.

Oumie, u sal altyd 'n spesiale plekkie in ons harte hê. Rus in vrede.

reël oop

respekvolle toon
nie sentimenteel of melodramaties nie

feite, nie net opinie nie

kort en kragtig

# INFORMELE TOESPRAAK (*informal speech*)
# = direkte woorde om te motiveer/ te bedank / voor te stel / ...

par. 1: groet → Goeiemiddag, Mede-matrieks.

par. 2: begin interessant; sê wat onderwerp is → Sjoe, wat 'n besige jaar en hoe vinnig het dit nie verbygevlieg nie! Ja, ons klop aan die deur van 'n skrikkerige, onseker toekoms. Voel julle net so bang soos ek? As julle hoofseun wil ek julle almal motiveer om skouer aan die wiel te sit. Gee alles vir hierdie laaste brug na ons toekoms: die finale eksamen.

par. 3+: bespreek onderwerp in logiese orde → Dit is baie maklik op tou op te gooi wanneer die werk vir ons te veel raak, maar moenie moed verloor nie. Ons hoërskoolloopbaan is amper verby. Al wat tussen ons en 'n blink toekoms staan, is hierdie eksamen. Ons moet net vasbyt en alles gee – oor ses weke is alles verby.

So, hoe oorleef ons hierdie moeilike tyd? Jou kop moet gefokus wees, jou dieet moet reg wees, jy moet genoeg rus en nie net studeer nie, maar 'n goeie balans hê tussen werk en speel.

eindig met opsommende woorde → Dus: voorspoed, Matrieks. Kom ons gee ons absolute beste – nie net vir onsself nie, maar om vir almal te wys wat in ons steek.

laaste paragraaf: bedank die gehoor → Baie dankie.

informele, vriendelike toon
informele regsiter

mag humoristies en snaaks wees

# INFORMELE VERSLAG (*informal report*)
# = vertel van 'n sportdag / toer / markdag / skooltoneelstuk / wedstryd

opsommende (*summarising*) opskrif

par. 1:
wie, wat, waar, wanneer, hoe, hoekom

par. 2 +:
bespreek details in orde van belangrikheid (*importance*)

laaste par:
gee eie opinie of gee opsommende sin

## Onvergeetlike toer na KKNK

Dit was 'n baie vroeë Vrydagoggend 30 Maart toe 'n bleek en vaak groep matrieks op die bus na Oudtshoorn geklim het. Alhoewel ons almal baie opgewonde was om vyf dae Afrikaans-styl deur te bring, was vyfuur darem net te vroeg.

Die rit was lank, maar darem onderbreek deur 'n heerlike middagete by *Ronnie's Sex Shop* (nee, dis nie wat jy dink nie!).

Met ons aankoms het ons ontdek dat ons koshuis 'n groot swembad en lapa het! En ons het almal besef: híér gaan lewenslange herinneringe gemaak word!

Ons het ons dae deurgebring tussen die honderde stalletjies, ons het tradisionele boerekos geëet, gratis musiekvertonings bygewoon en deur twee of drie toneelstukke per dag gewroeg. Ek sê gewroeg, want hierdie Afrikaners is 'n klomp diep, donker mense. Selfs hul humor is swart van kleur!

Die dag toe ons moes teruggaan huis toe, was ons opinies dieselfde: wanneer kan ons weer kom?

Sarel Burger

informele register, toon en styl

mag humoristies wees

gebaseer op FEITE, maar mag persoonlike opinie en gedagtes (*thoughts*) ook gee

reël oop

jou naam (geen punktuasie)

# DAGBOEKINSKRYWING (*diary entry*)
# = persoonlike vertelling van dag / gebeurtenis en hoe jy VOEL

opskrif: dag en datum voluit

reël oop

Liewe Dagboek = met hoofletters en geen punktuasie

Begin onmiddellik met onderwerp.

Onthou: jy skryf vir jouself – dus nie MY beste vriend of MY ma nie, maar net Roxy en Ma

einde

Maandagmiddag, 5 Julie

Liewe Dagboek

Vandag was die aakligste dag van my lewe! Die blouste Blou Maandag ooit!!! Daardie tweegesig Henry ... En ek het nog altyd gedink hy's my VRIEND! Vervlaks!

Vandag moes ek by Roxy hoor dat hy my lelik beskinder het Saterdagaand by Ben se partytjie. Hy het gesê dat ek 'n flerrie is wat met seuns se harte speel en dat niemand my met 'n geheim kan vertrou nie.

Waar kom hy aan sulke twak?!?

Waarom is my lewe so moeilik? 'n Mens se vriende is tog veronderstel om lojaal te wees? Ek voel sommer lus om daardie CD wat Henry vir my vir my verjaarsdag gegee het, in stukkies te breek en vir hom terug te gee.

Ma sê altyd seerkry gaan verby, maar ek is nie so seker nie. Ag wat, môre voel ek dalk weer 'n bietjie beter. Maar ek sal daardie simpel idioot, Henry, NOOIT vergewe nie!!!

Tot later.

intiem en persoonlik

baie emosies

informele register

BAIE
idiome
intensiewe vorme
uitroepe
vergelykings
adjektiewe

punktuasie (!!! of ?!?), HOOFLETTERS, <u>onderstreep</u> en **vetdruk** vir EFFEK en EMOSIE

# INSTRUKSIES (*instructions*)
# = hoe om iets stap-vir-stap te doen

opskrif: waaroor die instruksies gaan, onderstreep

skryf in VOLSINNE

nommer sinne

lyn oop na elke sin

slegs EEN FEIT of INSTRUKSIE per sin

bevelsin (*command*) – begin dus met AKSIEWOORD

**<u>TIEN INSTRUKSIES VIR ’N SPESIALE MOEDERSDAGONTBYT:</u>**

1. Staan vroeg op sodat jy jou ma met ontbyt in die bed kan verras.

2. Maak ’n kaartjie waarin jy vertel hoe spesiaal jou ma is.

3. Sit ’n paar mooi blomme in ’n glas.

4. Dek ’n skinkbord met ’n bord, servet en messegoed.

5. Bak twee eiers in ’n pan met ’n bietjie olie of botter.

6. Braai drie repies spek of twee worsies in ’n ander pan.

7. Rooster ’n sny brood en smeer botter op.

8. Maak ’n heerlike koppie koffie of tee met melk en suiker soos jou ma daarvan hou.

9. Plaas die ontbyt op ’n bord en sit dit saam met die koffie op die skinkbord.

10. Neem die skinkbord, kaartjie en blomme na jou ma toe en maak haar met ’n glimlag wakker.

Let op na:

- ✓ woordorde
- ✓ hoofletter aan begin van sin
- ✓ eindig met punt

# RIGTINGAANWYSINGS (*directions*)
# = stap-vir-stap instruksies oor hoe om van een plek na 'n ander te gaan

Ry in Hoofstraat af in die rigting van Muizenberg. (*Drive down Main Road in the direction of M*)

Draai regs by die derde verkeerslig. (*Turn right at the third traffic light.*)

Draai links in Deanstraat in. (*Turg left into Dean Street.*)

Ry reguit oor die vierde stopstraat. (*Drive straight over the fourth stop street.*)

Draai regs by die vierrigtingstop. (*Turn right at the four way stop.*)

Draai links by die T-aansluiting. (*Turn left at the T-junction.*)

Draai dadelik links. (*Turn left immediately.*)

Ry oor die brug. (*Drive over the bridge.*)

Ry om die sirkel. (*Drive around the circle.*)

Ry tot by die stasie. (*Drive to the station.*)

Ry om die hoek. (*Drive around the corner.*)

Stop langs die poskantoor. (*Stop next to the post office.*)

Parkeer aan die linkerkant van die straat. (*Park on the left hand side of the road.*)

Parkeer aan die regterkant van die winkelsentrum. (*... of the shopping mall.*)

Soek na die Pick 'n Pay aan jou linkerkant. (*Look for the P'nP on the left hand side.*)

Let op na die parkie aan jou regterkant. (*Pay attention to the park ...*)

Hou links / regs. (*Keep left / right.*)

Leer woordeskat!

stap vir stap – nommer jou aanwysings

dieselfde formaat as instruksies

baie spesifiek en duidelik

kort sinne

Gebruik landmerke en straatname

Maak seker van voorsetsels (prepositions)!

# WENKE (tips)
# = ’n lys van goeie idees

opskrif: waaroor die wenke gaan, onderstreep

skryf in VOLSINNE

skryf puntsgewys (*pointform with bullets*)

reël oop na elke sin

slegs EEN FEIT of WENK per sin

**<u>TIEN WENKE OM WATER TE BESPAAR:</u>**

- Skakel die geiser af gedurende die dag.
- Skakel slegs die ligte aan in die kamer waar jy is.
- Moenie die ketel oorvol water maak nie.
- Gebruik energiebesparende gloeilampe.
- Skakel die swembadpomp slegs vir kort tye aan.
- Jy moet liewer die mikrogolfoond in plaas van die gewone oond gebruik.
- Jy moet ’n kombers oor die geiser gooi sodat die hitte nie so gou ontsnap nie.
- Jy moenie die yskas en vrieskas te veel oop- en toe-maak nie.
- Jy moet die televisie afskakel wanneer niemand kyk nie.
- Jy moet elektriese proppe uittrek wanneer jy nie die toestelle gebruik nie.

Let op na:
- ✓ woordorde
- ✓ hoofletter aan begin van sin
- ✓ eindig met punt

Begin met ’n AKSIEWOORD / MOENIE of begin met JY MOET ... / JY MOENIE ...

# POSKAART (postcard)
# = short descriptive note sent from far away

stad
(geen adres)
volle datum
**geblok** (ondermekaar geskryf)
reël oop
begin met:
Beste OF Liewe

geen reëls oop tussen paragrawe nie – te min spasie

beskryf wat jy SIEN, HOOR, VOEL, RUIK, DOEN, ERVAAR (*experience*)

gebruik baie adjektiewe, intensiewe vorme, uitroepe

groetsin

einde het geen punktuasie nie

**Parys**
**9 Mei 2012**

**Beste Pieter**
**Sjoe!  Wat 'n ongelooflike stad!  My hotelkamer het 'n asemrowende uitsig oor die Eiffeltoring .  Wanneer ek afkyk, sien ek die straatkafees net soos in die tydskrifte!  'n Mens ruik geurige koffie net waar jy gaan.  En die sonsondergange!  Bloedrooi!  Môre vertrek ek na die suide van Frankryk.  So opwindend.**
**Ek wens jy was hier.**
**Jou vriend**
**Sam**

**Mnr. P. Fourie**
**Skoolstraat 10**
**Claremont**
**Kaapstad**
**7700**
**Suid-Afrika**

adres (perfek!) met persoon se titel, voorletter en van
Suid-Afrika NA die poskode as jy van oorsee skryf

# ADVERTENSIE (*advert*)

**= adverteer 'n produk / diens (*service*) / geleentheid (*event*) / spesiale aanbieding (*special offer*)**

opskrif wat die oog vang


visueel mooi

- ✓ prent
- ✓ lettertipes
- ✓ lettergroottes
- ✓ diagramme
- ✓ MOENIE kleur in die eksamen gebruik nie!

Inhoud DUIDELIK:
wie? wat? waar? wanneer?
hoe? hoekom? kontakbesonderhede?

Dink altyd aan die FUNKSIE, FOKUS en TEIKENMARK van jou advertensie.

Kort sinne met OORREDENDE ADVERTENSIETAAL (*try to convince*) en alliterasie / assonansie / idiome / intensiewe



# Klop jou hart boedrooi?

**KOM SKENK BLOED EN RED LEWENS!**

Al wat dit verg, is 'n paar minute uit jou dag om DRIE mense 'n tweede kans op lewe te gee.

| | |
|---|---|
| **Vir wie?** | **Enigiemand wat sestien jaar of ouer is en ten minste 50kg weeg.** |
| **Wanneer?** | **Donderdag, 19 Maart 2012** |
| **Hoe laat?** | **12nm tot 3nm** |
| **Waar?** | **Die Hoërskool Westerford se sportsaal** |



**Onthou om ONTBYT te eet en genoeg WATER te drink.**

Binne 48uur nadat jy bloed geskenk het, is dit alreeds gebruik om 'n lewe te red.

**Ons het JOU nodig !**